AMALGAMATED ELECTRONIC CORPORATION LIMITED
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer: 1997/010036/06)
Aandeelkode: AER ISIN: ZAE 000070587
("Amecor") of ("die Groep")

GROEP VERKORTE GEKONSOLIDEERDE NAGEGANE RESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2010 EN DIVIDENDVERKLARING

GROEP VERKORTE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Aantekeninge	Jaar geëindig 31 Maart 2010 (Nagegaan) R'000	Jaar geëindig 31 Maart 2009 (Geouditeer) R'000
Inkomste		**139 906**	140 459
Omset		**138 136**	138 100
Koste van verkope		**(69 696)**	(67 522)
Bruto wins		**68 440**	70 578
Bedryfskoste uitgesonderd depresiasie en amortisasie		**(28 862)**	(28 241)
VVRBDA		**39 578**	42 337
Depresiasie en amortisasie		**(2 397)**	(2 351)
Bedryfswins		**37 181**	39 986
Finansieringsinkomste		**1 396**	1 653
Finansieringsuitgawe		**(1 431)**	(1 282)
Wins voor belasting		**37 146**	40 357
Belasting		**(10 329)**	(10 700)
Wins		**26 817**	29 657
Ander omvattende inkomste		**–**	–
Totale omvattende inkomste		**26 817**	29 657
Toeskryfbaar aan:			
Gewone aandeelhouers van Amecor		**23 266**	23 762
Nie-beherende belang		**3 551**	5 895
Totale omvattende inkomste		**26 817**	29 657
Verdienste per aandeel (sent)	3	**30,8**	33,7
Verwaterde verdienste per aandeel (sent)	3	**30,8**	31,9

GROEP VERKORTE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	Aantekeninge	31 Maart 2010 (Nagegaan) R'000	31 Maart 2009 (Geouditeer) R'000
BATES			
Nie-bedryfsbates		**79 796**	69 941
Eiendom, aanleg en toerusting	6	**13 972**	7 183
Ontasbare bates		**11 521**	7 725
Klandisiewaarde		**54 034**	54 034
Uitgesteldebelasting-bate		**269**	999
Bedryfsbates		**88 540**	88 152
Voorraad		**19 624**	22 952
Handels- en ander ontvangbare rekenings		**39 072**	46 030
Belasting		**2 951**	2 459
Kontant en kontantekwivalente		**26 893**	16 711
Totale bates		**168 336**	158 093
EKWITEIT EN LASTE			
Uitgereikte kapitaal		**72 610**	71 904
Behoue verdienste		**47 576**	30 550
Nie-beherende belang		**15 097**	13 020
Totale ekwiteit		**135 283**	115 474
Nie-bedryfslaste		**9 942**	12 051
Rentedraende lenings		**7 114**	10 601
Uitgesteldebelasting-aanspreeklikhede		**2 828**	1 450
Bedryfslaste		**23 111**	30 568
Handels- en ander betaalbare rekenings		**18 060**	26 938
Bankoortrekking		**48**	–
Korttermyngedeelte van rentedraende lenings		**3 266**	2 432
Belasting		**1 737**	1 198
Totale ekwiteit en laste		**168 336**	158 093
Netto batewaarde per aandeel (sent)	4	**179,0**	160,6
Netto getal uitgereikte aandele (000'e)		**75 565**	71 921

GROEP VERKORTE KONTANTVLOEISTAAT

	Jaar geëindig 31 Maart 2010 (Nagegaan) R'000	Jaar geëindig 31 Maart 2009 (Geouditeer) R'000
Netto invloei uit bedryfsaktiwiteite	**25 061**	11 585
Kontant gegenereer uit bedrywighede	**40 984**	22 573
Netto finansierings(koste)/inkomste	**(35)**	371
Belasting betaal	**(8 174)**	(11 359)
Dividende betaal	**(7 714)**	–
Netto uitvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(11 994)**	(21 426)
Netto (uitvloei)/invloei uit finansieringsaktiwiteite	**(2 933)**	10 506
Netto beweging in kontantsaldo's	**10 134**	665
Kontant en kontantekwivalente aan begin van die jaar	**16 711**	15 343
Kontant en kontantekwivalente verkry	**–**	703
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	**26 845**	16 711

GROEP VERKORTE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

	Uitgereikte kapitaal R'000	Toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers van Amecor R'000	Nie-beherende belang R'000	Totale ekwiteit R'000
Saldo op 1 April 2008	69 193	6 788	–	75 981
Minderhede verkry	–	–	7 125	7 125
Totale omvattende inkomste	–	23 762	5 895	29 657
Beweging in tesourieaandele	2 711	–	–	2 711
Totale veranderings	2 711	23 762	13 020	39 493
Saldo op 1 April 2009	71 904	30 550	13 020	115 474
Aandele-uitgifte ten opsigte van aandeleopsie	986	–	–	986
Dividende betaal	–	(6 240)	(1 474)	(7 714)
Totale omvattende inkomste	–	23 266	3 551	26 817
Beweging in tesourieaandele	(280)	–	–	(280)
Totale veranderings	706	17 026	2 077	19 809
Saldo op 31 Maart 2010	**72 610**	**47 576**	**15 097**	**135 283**

Uitgereikte kapitaal sluit aandelekapitaal en aandelepremie in.

KOMMENTAAR DEUR BESTUUR

Finansiële oorsig
Ondanks die moeilike handelstoestande wat regdeur die tydperk onder oorsig ervaar is, was wesensverdienste behaal vir die 12 maande geëindig 31 Maart 2010 30,8 sent per aandeel (2009: 33,7 sent). Die gerapporteerde omset en wins voor belasting vir die tydperk onder oorsig was:

- R138,1 miljoen (F2009: R138,1 miljoen); en
- R37,1 miljoen (F2009: R40,3 miljoen) onderskeidelik.

Die ontleding van omset en totale omvattende inkomste op 'n segmentele grondslag word hierin gedetailleer. Kontant gegenereer uit bedrywighede was R40,9 miljoen (F2009: R22,5 miljoen). Die netto invloei uit bedrywighede het R25,1 miljoen (F2009: R11,6 miljoen) bygedra tot totale kontant en kontantekwivalente van R26,8 miljoen (F2009: R16,7 miljoen) wat opgeteken is ná kapitaal en ontwikkeling van R12,9 miljoen (F2009: R7,6 miljoen) wat in die tydperk onder oorsig aangegaan is:

- Nuweproduk-ontwikkeling – R4,6 miljoen;
- Voltooiingskoste van nuwe FSK-gebou – R7,5 miljoen;
- Motorvoertuie – R0,3 miljoen; en
- Eiendom, aanleg en toerusting – R0,6 miljoen.

Voorraad voorhande het met R3,3 miljoen tot R19,6 miljoen (F2009: R22,9 miljoen) afgeneem as gevolg van doeltreffender voorraadbestuurstelsels. Dit het ook bygedra tot die afname in handels- en ander betaalbare rekenings van R26,9 miljoen (F2009) tot R18,1 miljoen in die tydperk onder oorsig.

Handels- en ander ontvangbare rekenings is van R46,0 miljoen in F2009 tot R39,1 miljoen in F2010 verlaag as gevolg van 'n afname in debiteuredae en BTW-verhalings.

Lenings is verlaag deur die paaiemente wat betaal is op die ABSA Bank-lening wat voorheen aangegaan is om die 50,1%-aandelebesit in die PDS Groep in F2009 te verkry.

Netto batewaarde per aandeel het met 11,5% tot 179,0 sent (F2009: 160,6 sent) toegeneem en tasbare netto batewaarde per aandeel het met 23,6% tot 92,3 sent (F2009: 74,7 sent) toegeneem.

Bedryfsoorsig
Sekuriteit en verwante produksie en verkope
FSK Electronics ("FSK")
FSK Electronics is Amecor se elektroniese sekuriteitsafdeling wat in die navorsing, ontwikkeling en vervaardiging van elektroniese sekuriteitstoerusting spesialiseer. Sekuriteitsmaatskappye regdeur Afrika gebruik FSK-tegnologie om die werking van verskillende alarmstelsels moontlik te maak. FSK-produkte word hoofsaaklik gebruik om alarmseine van 'n gemoniteerde perseel na 'n sekuriteitsbeheerkamer deur te stuur waar 'n reaksiespan dan in kennis gestel en uitgestuur word. FSK vervaardig en versprei ook noodsaaklike produkte vir die monitering en nasporing van sekuriteitswagte en reaksievoertuie.

FSK se gevorderde transmissietegnologie bestaan uit betroubare kommunikasiestelsels wat vir die oordrag van seine gebruik word. Dataseine word gelyktydig via veelvuldige mediums, insluitende GSM, RF en internetprotokolle, gestuur. Die dubbele transmissie van GSM en RG verseker seinintegriteit, wat sekuriteitsmaatskappye en alarmgebruikers algehele gemoedsrus gee. FSK se lang geskiedenis van kundigheid en professionalisme het ons in staat gestel om die markvraag vooruit te wees en kliënte se verwagtinge in die sekuriteitsbedryf te oortref.

Netwerk- en annuïteitsinkomste
Sabre Radio Networks ("Sabre")
Sabre Radio Networks is 'n radiofrekwensie-, GSM- en protokolgebaseerde netwerk. Sabre-netwerke gebruik GRPS-, SMS- en radioseine om die transmissie/kommunikasie van data tussen gemoniteerde persele, beheerkamers en individuele netwerkgebruikers moontlik te maak. Sabre Radio Networks herlei 'n breë verskeidenheid draadlose seine om data oor te dra. Data sluit verskillende alarmaanwysers, toerustingtoestandverslae en omgewingsmonitering in. Hierdie seine wissel van paniekalarm-uitroepe tot laebrandstof-waarskuwings op generators of kragbesparings wat met PowerStar-spanningoptimaliseringseenhede behaal word.

Alle dienste wat Sabre bied, word nommerpas volgens elke klant se individuele vereistes ontwerp en 'n spesifieke hoeveelheid netwerkbandwydte word toegewys waarvoor intekengeld gehef word. Sabre lewer 'n gewaardeerde bydrae tot Amecor se groeiende annuïteitsinkomste-poel en gaan voort om uit te brei met die groot getal waardetoegevoegde diensaanbiedings en verbeterings.

Verskaffing en instandhouding van alternatiewe kragbronne
PDS Groep
Die PDS Groep spesialiseer in kraggenereringsmasjinerie (generators, omkeerders, OKT's), wat 'n verskeidenheid van marksektore dek, insluitende kommersieel, korporatief, industrieel en mynbou. PDS is 'n geagte groep in die kraggenereringsbedryf wat sy onbestrede bedryfsreputasie vir professionele produkgehalte, diens en naverkoopsteun hoog hou.

Produkontwikkeling
Die Groep gaan voort om in navorsing en ontwikkeling te investeer, wat tot gevolg het dat verdere hoëgehalteprodukte op die plaaslike mark en internasionale markte bekend gestel word.

Kapitaalverbintenis
Die Groep het hom verbind tot voortgesette produkontwikkelingskoste in die volgende finansiële jaar.

AANTEKENINGE BY DIE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE NAGEGANE FINANSIËLE STATE

1. Belangrike rekeningkundige beleide
Amecor is 'n maatskappy wat in Suid-Afrika gedomisilieer is. Hierdie verkorte gekonsolideerde nagegane finansiële jaarstate van Amecor vir die jaar geëindig 31 Maart 2010 behels die Maatskappy en sy filiale (tesame die "Groep" genoem).
Hierdie verkorte gekonsolideerde nagegane finansiële jaarstate is op 29 Junie 2010 deur die direkteure vir uitreiking gemagtig.

Opstellingsgrondslag
Hierdie verkorte gekonsolideerde nagegane resultate is in ooreenstemming met die raamwerkbeginsels en die metings- en erkenningsvereistes van die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde ("IFRS") opgestel en bevat inligting wat deur Internasionale Rekeningkundige Standaard 34 – Tussentydse Finansiële Verslagdoening ("IAS 34"), RE 500-standaarde en die Noteringsvereistes van JSE Beperk vereis word en op die wyse wat deur Maatskappywet vereis word. IAS 1(R) Aanbieding van Finansiële State is op die huidige finansiële state toegepas maar het geen uitwerking op die gerapporteerde syfers nie. Die name van die state is in ooreenstemming met die benamingsgebruike wat in die hersiene standaard vervat word, verander. Hierdie verkorte gekonsolideerde nagegane finansiële state sluit nie al die inligting in wat vir volledige finansiële state vereis word nie en moet tesame met die gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2010 gelees word. Die Groep beoog om die jaarverslae nader aan die einde van Augustus 2010 te pos.

Die ramings en onderliggende aannames word deurlopend hersien. Hersienings van rekeningkundige ramings word erken in die tydperk waarin die raming hersien word indien die hersiening slegs daardie tydperk beïnvloed of in die tydperk van die hersiening en toekomstige tydperke indien die hersiening sowel huidige as toekomstige tydperke beïnvloed.

Die rekeningkundige beleide is deurgaans deur Groepmaatskappye toegepas en is deurgaans toegepas op alle tydperke wat in hierdie verkorte gekonsolideerde nagegane finansiële state aangebied word.

2. Nagaan van resultate
Mazars het 'n ongekwalifiseerde nagaanmening oor hierdie verkorte gekonsolideerde finansiële state onderteken, soos deur JSE Beperk vereis. Hierdie finansiële state is deur die direksie goedgekeur en vir die doeleindes van hierdie verslag verkort. Die ouditeure se nagaanmening is by Amecor se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

3. Verdienste per aandeel ("VPA")
VPA word gegrond op die Groep se wins vir die jaar geëindig 31 Maart 2010, gedeel deur die geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele gedurende die 12-maande-tydperk.

F2010	Omvattende inkomste toeskryfbaar aan Amecor-aandeelhouers (Nagegaan) R'000	Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele (na aftrekking van 2,4 miljoen tesourieaandele 000'e	Verdienste per aandeel Sent
Verdienste	**23 266**	**75 565**	**30,8**
Verwaterde verdienste	**23 266**	**75 565**	**30,8**
Rekonsiliasie van wesensverdienste			
Wesensverdienste	**23 266**	**75 565**	**30,8**
Verwaterde wesensverdienste	**23 266**	**75 565**	**30,8**

F2009	Omvattende inkomste toeskryfbaar aan Amecor-aandeelhouers (Geouditeer) R'000	Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele (na aftrekking van 2,1 miljoen tesourieaandele) 000'e	Verdienste per aandeel Sent
Verdienste	23 762	70 602	33,7
Verwaterde verdienste	23 762	74 542	31,9
Rekonsiliasie van wesensverdienste			
Wesensverdienste	23 762	70 602	33,7
Verwaterde wesensverdienste	23 762	74 542	31,9

4. Netto batewaarde ("NBW") per aandeel
Die netto batewaarde per aandeel is die waarde van die Groep se bates, min die som van die waarde van sy laste, gedeel deur die getal uitgereikte aandele op 31 Maart 2010.

	Jaar geëindig 31 Maart 2010 (Nagegaan)	Jaar geëindig 31 Maart 2009 (Geouditeer)
Gewone aandelekapitaal en reserwes (R'000)	**135 283**	115 474
Totale getal uitgereikte aandele (000'e) (na aftrekking van 2,4 miljoen tesourieaandele, F2009: 2,1 miljoen)	**75 565**	71 921
NBW per aandeel (sent)	**179,0**	160,6
Gewone aandelekapitaal en reserwes (R'000)	**135 283**	115 474
Klandisiewaarde (R'000)	**(54 034)**	(54 034)
Ontasbare bates (R'000)	**(11 521)**	(7 725)
Tasbare NBW (R'000)	**69 728**	53 715
Totale getal uitgereikte aandele (000'e) (na aftrekking van 2,4 miljoen tesourieaandele, F2009:2,1 miljoen)	**75 565**	71 921
Tasbare NBW per aandeel (sent)	**92,3**	74,7

5. Segmentele ontleding
Die Groep se bedryfsegmente en segmentele inligting wat in die verkorte gekonsolideerde nagegane resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2010 aangebied word, verteenwoordig die grondslag vir segmentele verslagdoening. Die sakesegment-verslagdoeningsformaat weerspieël die Groep se bestuur- en interne verslagdoeningstruktuur. Tussensegmenttransaksies word ooreenkomstig armlengtebepalings en -voorwaardes gesluit.

	Jaar geëindig 31 Maart 2010 (Nagegaan) R'000	Jaar geëindig 31 Maart 2009 (Geouditeer) R'000
Segmentomset		
Sekuriteit en verwante produksie en verkope	**41 983**	42 380
Netwerk- en annuïteitsinkomste	**15 513**	13 235
Verskaffing en instandhouding van alternatiewe kragbronne	**83 159**	80 338
Beheer- en bestuursfiliale	**20 912**	19 270
Rekonsiliasie	**(23 431)**	(17 123)
Totale omset	**138 136**	138 100
Omvattende inkomste		
Sekuriteit en verwante produksie en verkope	**9 305**	8 634
Netwerk- en annuïteitsinkomste	**8 418**	7 043
Verskaffing en instandhouding van alternatiewe kragbronne	**7 128**	11 827
Beheer- en bestuursfiliale	**3 039**	329
Rekonsiliasie	**(1 073)**	1 824
Totale omvattende inkomste	**26 817**	29 657
Omvattende inkomste toeskryfbaar aan nie-beherende aandeelhouers		
Verskaffing en instandhouding van alternatiewe kragbronne	**3 551**	5 895
Bates		
Sekuriteit en verwante produksie en verkope	**53 847**	44 568
Netwerk- en annuïteitsinkomste	**22 914**	16 657
Verskaffing en instandhouding van alternatiewe kragbronne	**47 129**	48 573
Beheer- en bestuursfiliale	**107 050**	96 974
Rekonsiliasie	**(62 604)**	(48 679)
Totale bates	**168 336**	158 093

As gevolg van die verandering na IAS 1(R) word die segmente se totale omvattende inkomste nou aan die hoofbedryfsbesluitnemer gerapporteer. Die segmentopenbaarmakings is heraangegee om dié verandering te weerspieël.

6. Eiendom, aanleg en toerusting
Die Groep het R7,5 miljoen in die opknapping van die Amecor-gebou geïnvesteer. Die resultaat is 'n spesifiek ontwerpte vervaardigingsaanleg vir die FSK- en Sabre-filiaalmaatskappye. Voertuie ter waarde van R0,3 miljoen is verkry en 'n verdere R0,6 miljoen is aan eiendom, aanleg en toerusting in die Groep bestee.

7. Ander verwanteparty-transaksies

	Jaar geëindig 31 Maart 2010 (Nagegaan) R'000	Jaar geëindig 31 Maart 2009 (Geouditeer) R'000
Huurkontrakte met verwante partye	**838**	628
Die huurgeld word teen armlengte- en markverwante tariewe gehef, soos deur 'n onafhanklike derde party bepaal.		
Verkope aan ander verwante partye	**–**	9 771
Die verkope het teen armlengte- en markverwante pryse plaasgevind.		

8. Gebeure na balansstaatdatum
Voorheen moontlik uitreikbare aandele wat nie meer moontlik uitreikbaar is nie
Amecor het 'n aansoek by die Hooggeregshof van Suid-Gauteng, Johannesburg, onder saaknommer 2010/8607 teen mnr Rabie van der Merwe ("RVDM") en andere ingedien om die arbitrasiesaak wat aanvanklik deur RVDM ingestel is ter syde te laat stel. Die saak het op 9 Junie 2010 voor die Hooggeregshof gedien en 'n bevel is ooreenkomstig die volgende bepalings toegestaan:

1. Daar word verklaar dat verwysing na arbitrasie van 'n geskil tussen RVDM (eerste respondent) en Acquired Finance (Eiendoms) Beperk, welke geskil hangend was, kragtens artikel 3(2)(c) van die Arbitrasiewet 42 van 1965 nietig is;
2. RVDM word by interdik verbied en belet om geregtelike stappe, of enige stappe om uitvoering aan die verwysing te gee, te doen; en
3. RVDM word beveel om die koste van hierdie aansoek te betaal.

Die gevolg van die bevel is dat die arbitrasiesaak ten einde geloop het en RVDM nie daarmee kan voortgaan nie en die koste van die aansoek moet betaal.

Amecor PowerStar
Amecor PowerStar is 'n onlangse toevoeging tot Amecor se groep filiaalmaatskappye. Vroeg in 2010 het Amecor 'n ooreenkoms met die ingenieursmaatskappy EMSc van die VK aangegaan, wat die alleenverspreidingsreg vir die verskaffing van eksklusiewe kragoptimaliseringstoerusting regdeur Suid-Afrika aan Amecor PowerStar verleen. Amecor PowerStar se primêre doelstelling is om Afrika se energietoevoer te verbeter deur sakeondernemings en die nasionale gemeenskap te help om kostebesparings en grootskaalse kragbewaring ten opsigte van elektrisiteitsverbruik te behaal.

9. Dividende
Die direkteure het besluit om 'n enkele jaarlikse dividend ten bedrae van 8 sent per gewone aandeel (F2009: 8 sent) te betaal. Die Groep se jaarlikse dividend, betaalbaar op Maandag, 26 Julie 2010, vir die jaar geëindig 31 Maart 2010, sal dienooreenkomstig soos volg bereken word:

Uitkeerbare dividend (R'000)	6 238
Totale getal uitgereikte aandele (000'e)	77 985
Dividend betaalbaar per aandeel (sent)	8 cents

Besonderhede van dividendbetaling *(gestel dat resultate op 30 Junie 2010 aangekondig word)*

Laaste dag vir handeldrywing met dividend	Vrydag, 16 Julie 2010
Handeldrywing sonder dividend neem 'n aanvang	Maandag, 19 Julie 2010
Rekorddatum	Vrydag, 23 Julie 2010
Betaaldatum	Maandag, 26 Julie 2010

Aandelesertifikate mag van Maandag, 19 Julie 2010 tot en met Vrydag, 23 Julie 2010 nie gedematerialiseer of gehermaterialiseer word nie. Die register van aandele met sertifikate sal vir dié tydperk gesluit wees.

10. Direkteure
HS Courtney (Nie-uitvoerende voorsitter)
M Noge (Nie-uitvoerende direkteur)
DH Alexander (Hoof uitvoerende beampte)
KA Colley (Finansiële direkteur en maatskappysekretaris)
KA Vieira (Bedryfsdirekteur)
Al bogenoemde direkteure is Suid-Afrikaans en woon in Suid-Afrika.

11. Vooruitsig
Ons bly optimisties dat ons gefokusde strategie en bedryfsdoeltreffendheid ons in staat sal stel om positiewe opbrengste vir ons aandeelhouers op te lewer.

Ons glo die Groep se markposisie, laekoste-hoëgehalte-produkte en verbintenis tot organiese en verkrygingsgroei deur die uitbreiding van ons produkreeks sal ons voortgesette sukses verseker.

Namens die direksie

HS Courtney
*Voorsitter**
Rivonia
29 Junie 2010

DH Alexander
Hoof uitvoerende beampte

Direkteure
HS Courtney *(Voorsitter)**, M Noge*, DH Alexander
KA Colley, KA Vieira
(nie-uitvoerend)*

Ouditeure
Mazars, 2de Verdieping, Mazars-gebou
St David's Place 5, Parktown, 2193
(Posbus 6697, Johannesburg, 2000)

Oordragsekretaris
Link Market Services (Eiendoms) Beperk
Diagonalstraat 11, Johannesburg, 2001
(Posbus 4844, Johannesburg, 2000)

Geregistreerde kantoor
Resource-gebou
Springstraat 7, Rivonia, 2196
(Posbus 1962, Rivonia, 2128)

Borg
Sasfin Capital
('n Afdeling van Sasfin Beperk)
Scottstraat 29, Waverly, 2090
(Posbus 95104, Grant Park, 2051)

Besoek ons by www.amecor.com

INNOVASIE DEUR TEGNOLOGIE

ince.motiv